# HOËRSKOOL BONNEVALE NUUSBRIEF

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*

22 Augustus 2025

## OMSENDBRIEF 22/2025

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Uitkomtye:** Die graad 12's begin Maandag 1 September met hul rekordeksamen in die skoolsaal. Omdat die saal nie dan meer beskikbaar is vir saal- en litnumperiodes nie (periode 1 en 2 op 'n Maandagoggend), verval hierdie twee periodes. **Die hele skool (gr. 1 tot 11) kom dus vir die res van hierdie kwartaal op Maandae 13:30 uit**. Die twee periodes wat verval is nie verpligte akademiese kontaktyd nie. Die laerskool se saal en litnumperiodes val op 'n ander dag as die hoërskool s'n, maar die twee akademiese periodes wat op 'n Maandag by die laerskool wegval, sal dan later in die week tydens hul saal- en litnumperiodes ingehaal word. Die laerskoolonderwysers sal reëlings rondom die roosterverandering deurgee op die WhatsApp-groepe.

2. **Rugby:** Baie sterkte aan **Luan du Toit** wat Vrydag en Saterdag aan die finale o.12-Boland-rugbyproewe in Wellington gaan deelneem.

3. **Oscars-aand**: Ons sê baie geluk aan die kategoriewenners van 2025 se Oscars-aand wat op 14 Augustus plaasgevind het:

   - Mej. Persoonlikheid = **Dalicia Manho**
   - Mnr. Persoonlikheid = **Janivan Hartzenberg**
   - Mej. Pretty Eyes = **Le-Shay Swanepoel**
   - Mnr. Pretty Eyes = **Benjamin Plaatjies**
   - Mej. Drama Queen = **Mareli Jordaan**
   - Mnr. Drama King = **Abri Botes**
   - Mej. Colgate Smile = **Miché van As**
   - Mnr. Colgate Smile = **Obonayo Mabombo**
   - Mej. Loud Speaker = **Hayley van As**
   - Mnr. Loud Speaker = **Gian Daniels**
   - Mej. Grapjas = **Brunet Hill**
   - Mnr. Grapjas = **Xzavier Baardman**
   - Mej. Sarkasties = **Lee-Vern Hoffman**
   - Mnr. Sarkasties = **Sachin Edem**
   - Mej. Bedel = **Denè Siegelaar**
   - Mnr. Bedel = **Aidon Hankey**
   - Duos:
     - Phineas & Ferb = **Aidon** & **Tadean**
     - Gabriella & Taylor = **Beyoleeh Matthys** & **Anjunique Winster**
     - Power Couple = **Brentley Niemand** & **Amber Mias**

4. **Sport:** Uitslae van die wedstryde teen HS Curro Hermanus op 16 Augustus 2025:

| Netbal | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | |
| 14 A | 4 | 10 | V |
| 14 B | 5 | 18 | V |
| 15 A | 8 | 16 | V |
| 15 B | 5 | 2 | W |
| 16 A | 17 | 10 | W |
| 16 B | 9 | 14 | V |
| 19 A | 18 | 33 | V |

| Rugby | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | |
| 15 A | 28 | 12 | W |
| 17 A | 22 | 5 | W |
| 19 A | 9 | 24 | V |

| Skaak | | |
|---|---|---|
| **Punte vir** | **Punte teen** | |
| 5 | 11 | V |

5. **Verkiesing:** Die Onafhanklike Verkiesingskommissie (IEC) kom op Maandag 25 Augustus 'n inligtingsessie vir ons hoërskoolleerders in die saal aanbied. Deur die loop van die oggend sal leerders wat 16 jaar en ouer is kans kry om as kiesers te registreer. Hoewel hulle eers mag deelneem aan verkiesings wanneer hul 18 is, kan hulle reeds vanaf 16 registreer. Maak gebruik van die geleentheid en **bring 'n ID saam skool toe** as jy 16 of ouer is. Die Verkiesingskommissie is 'n onafhanklike organisasie en daar sal geen politieke partye betrokke wees nie. Partypolitiek word nie by skole toegelaat nie.

6. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Vr. 22 Aug | Big Brag 11:00 in skoolsaal (ouers asb. slegs op die saal se gallery)<br>Mev. Alma Hamersma verjaar<br>Krokkie se Verjaardag Colour Run 13:00 by die laerskool se nuwe kleurmuur |
| | **Kwartaal 3, Week 5** |
| Sa. 23 Aug. | Interskole (laerskool en hoërskool) vs. HS Franschoek (tuis) |
| | **Kwartaal 3, Week 6** |
| Ma. 25 Aug. | Eisteddfod te Riversdal<br>Mev. Gerda Liebenberg verjaar<br>IEC besoek hoërskool<br>SBL-vergadering 18:00 |
| Di. 26 Aug. | Eisteddfod te Riversdal<br>Personeelopleiding 14:30 |
| Do. 28 Aug. | Musiekkonsert in skoolsaal (Me. Desireé Wentzel) |
| Vr. 29 Aug. | O.12 Rugby- en Netbaltoernooi te Ceres<br>Gr. 4-uitstappie |
| | **Kwartaal 3, Week 7** |
| Ma. 1 Sep. | Gr. 12-rekordeksamen begin: Lewensoriëntering (NSS-vraestel)<br>Eisteddfod te Montagu |
| Di. 2 Sep. | Eisteddfod te Montagu |
| Vr. 5 Sep. | Gr. 7-uitstappie<br>Bonnievale 418 Gala |
| Sa. 6 Sep. | Netbal Fast Five-toernooi te Paarl |
| | **Kwartaal 3, Week 8** |
| Di. 9 Sep. | Laerskoolredenaars |
| Wo. 10 Sep. | Hoërskoolredenaars |
| Vr. 12 Sep. | Juf. Adéle le Roux verjaar<br>Netbalkursus: Mee. Michelle van Zyl, Chameron Mathys en Cornel Matthysen |

Seënwense!

S. Prins
Skoolhoof

| |
|---|
| “Winners never quit and quitters never win.”<br>- Vince Lombardi |













